

10 Maart

Romeine 6:1-14, (Teks: 6:1,2)

Deur die Gees moet ons word wat ons in Christus is

Die apostel Paulus het in sy prediking en briewe groot klem gelê op die wonder en die oorfloed van God se soewereine genade. Hoe meer die sonde geword het hoe meer het die genade geword. Hoewel die sonde God se beeld in ons geskaad en belemmer het, het die Here Jesus gekom om ons in ons ereplek voor Hom te herstel. As Christen is jy dus iemand wat 'n besondere posisie in die oë van die Here beklee. Jy is iemand met 'n besondere status voor God.

Die gevaar bestaan egter dat mense kan dink dat Christene listig in sonde kan bly voortlewe sodat die genade nog meer kan word. Christene behoort egter alles in die stryd te werp om 'n lewe te voer wat volkome aan God toegewy is omdat hulle die genade van God ontvang het wat alle verstand te bowe gaan. Jy moet al meer word wat jy alreeds in Hom is. Dit is die Here se droom vir jou. Dit is per slot van sake een van die belangrike redes waarom Hy sy Gees gegee het. Op Pinksterdag het God sy Gees uitgestort sodat die Here se droom vir sy kinders kan waar word. In Christus het die moontlikheid van die nuwe lewe vir elkeen van God se kinders waar geword en sy Gees is God se voorsiening op die pad van heiligmaking.

Sing: Psalm 33:1,2,11

Ds. G.B. Enslin (Witbank)